# Die regering van die Kerk – 1Tim 3:8

**Die diaken-amp**
**en wat ons daaroor leer vanuit die ooreenkoms met die ouderling-amp.**

**Oktober 2014**

*Ps-vooraf* Ps 16: 1, 3

## Ontmoetingsdiens.

***Votum.***

**“Ons slaan ons oë op na die berge: waar sal ons hulp vandaan kom? Ons hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.”**

**Amen**

***Seëngroet***

**Gemeente van ons Here Jesus:**

**“Genade vir julle en vrede van God, onse Vader,**
**en die Here Jesus Christus**
**deur die kragvolle werking van die Heilige Gees”**

**Amen.**

***Lofprysing*** – Ps 13: 1, 3, 5

***Geloofsbelydenis***

## Verootmoediging en Versoeningsdiens.

Ons gaan nou luister na die wet van die HERE soos ons dit vind in Eks 20.

***Psalm na die wet*** – Ps 41: 1, 2

***Gebed om skuldbelydenis en verligting.***

***Psalm na gebed*** – Ps 41: 5, 6

## Woorddiens.

***Die Woord van die HERE spreek tot ons uit*** Hand 6:1-7; 1Tim 3:8-13

***Psalm as antwoord op die Woord*** – Ps 18: 12

***Ons Fokus op*** 1Tim 3:8a

***Skrifverklaring***

**Inleiding**
Geliefdes wanneer Paulus in ***vers 8*** sê:

*"Net so moet die diakens waardig wees ..."*

dan beweeg Paulus aan van die ouderling-amp

na die diaken-amp.[1]

*Verduidelik*

En dis waarby ons die afgelope weke in ***1Tim 3:1-7*** kon stilstaan.

By Paulus se 'leer' oor'ie ouderling-amp.

Maar nou in ***vers 8*** beweeg Paulus aan na die diaken-amp.

*Verduidelik*[2]

En dan's Paulus steeds besig

om as apostel van ons Here Christus vir ons Christus se wil

vir die regering-en-inrigting van sy Kerk te gee.

*Bewys*

Want dis mos waaroor'it gaan in ***1Tim 3***.

Dit gaan hier oor'ie ouderling-en-diaken-amp.

Maar uiteindelik gaan'it oor inrigting-en-regering van die Kerk.

Daarom dat Paulus aan die einde van ***1Tim 3*** sê

dat hy hierdie goed skryf

dat ons *"kan weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God,*

1 ωσαυτως het die betekenis van 'net so' (Baljon bl 1126; Knight se 1Tim komm bl 168). Net soos in **2:9** en ook in **3:11** is dit ook hier 'n merker wat wys dat Paulus nou na 'n volgende saak oorgaan (Ridderbos se 1Tim komm bl 97).

2 Vgl Ridderbos se 1Tim komm bl 69

*wat die gemeente is van die lewende God ...”*[3]

oo0oo

So ja as Paulus in ***vers 8*** sê:

*“Net so moet die diakens waardig wees ...”* moet ons weet:

Paulus het nou

hier waar'it gaan oor'ie inrigting-en-die-regering van'ie Kerk

klaar gepraat oor'ie ouderling-amp.

Nou gaan hy Christus se wil begin leer vir'ie diaken-amp.

En heel eerste moet ons raaksien

dat daar 'n ooreenkoms is

tussen die diaken-amp en die ouderling-amp.

*Verduidelik*[4]

Hoekom? Wel omdat Paulus in ***vers 8*** sê:

*“**Net so** moet die diakens ... wees ...”*

***Net so*** Ja *net soos* by die ouderling-amp

moet diakens ook voldoen aan 'n sekere klomp goed.

Daarom dat Paulus hier in ***vers 8*** praat van ***net so***.

En nou gaan ons vandag meer begin leer oor'ie diaken-amp

vanuit hierdie ooreenkoms

tussen die ouderlinge en die diakens.

En dis ook ons tema.

| |
|---|
| **Die diaken-amp … en wat ons daaroor leer**<br>**vanuit die ooreenkoms met die ouderling-amp** |

En dan gaan ons stilstaan by die werklikheid

dat die diaken-amp *net soos* die ouderling-amp:

- 'n amp is
- nie deur mense uitgedink is nie
- en baie belangrik is.

3 1Tim 3:14-15

4 ωσαυτως sê ook vir my dat daar tussen διάκονος en ἐπίσκοπος 'n ooreenkoms is (Baljon bl 1126; Greek grammer byond basics bl 675; Knight se 1Tim komm bl 168).

**1.** So  kom ons begin by die werklikheid
dat die diaken-amp *net soos* die ouderling-amp
ook **'n amp is**.

Nou  in ***vers 1***  waar'it gaan oor'ie ouderling-amp
gebruik Paulus vir ouderling-amp of die opsienersamp
die Griekse woord ἐπισκοπή.

*Verduidelik*[5]
En ἐπισκοπή verskil ἐπίσκοπος  in ***vers 2***
wat ons vertaal met opsiener of ouderling.
Want ἐπισκοπή gaan spesifiek
oor'ie *amp*  of die *diens*  of die *werk*  van 'n ouderling.

Ouderlinge staan in die ἐπισκοπή
of as ons dit in Afrikaans vertaal:  in die *ouderling-amp*.

Maar dan  in ***vers 8***
praat Paulus van *"**Net so** ... die diakens ..."*
Ja  net soos die ouderlinge
staan die diakens ook in 'n werk  of diens  of amp.[6]

So  in die Kerk  so sien ons nou in ***vers 8***
is daar langs'ie ouderling-***amp***  ook'ie diaken-***amp***.

*Skrif met Skrif*
Ons sien'it ook aan die begin
van Paulus se brief aan die Kerk in Filipi.

---

5 ἐπισκοπή gaan terug na פקדה van **Num 3:32,36**; **4:16**; **27:16-17**; **1Kron 24:19**; **Ps 109:8**; **Jes 60:17**; **Eseg 44:11** (Baljon bl 361; NIDOTTE vol 3 bl 662). In al hierdie genoemde voorbeelde is 'n פקדה iemand in 'n gesagsposisie of in 'n amp waarin hy gesag moet voer oor iets of iemand of moet toesig hou oor iets of iemand (NIDOTTE vol 3 bl 662; NIDNTT vol 1 bl 189). Hier in **1Tim 3:1** verwys ἐπισκοπή spesifiek na 'n amp/diens/soort werk (NIDNTT vol 190, 192). In hierdie betekenis kry ons ἐπισκοπή ook in **Num 4:16** en **Ps 109:8** (Knight,The faithful sayings in the pastoral letters, bl 56). Soos in die OT gaan dit dan ook oor 'n amp van opsig en toesig waarin die ἐπίσκοπος dien (Baljon bl 361).

6 Vgl Baljon bl 218; NIDNTT vol 3 bl 546; TDNT vol 2 bl 89; Ridderbos, Paulus, bl 513; Greijdanus se Fil komm bl 55

Hoor wat sê Paulus daar.    Hy sê:[7]

*“Paulus en Timótheüs, diensknegte van Jesus Christus,*

***aan** al die heiliges in Christus Jesus wat in Filíppi is,*

***saam met die opsieners en diakens**:*

*Genade vir julle en vrede*

*van God onse Vader en die Here Jesus Christus!”*

*Verduidelik*

Hoor u:    Paulus groet die hele Kerk in Filipi.

Maar dan ook die ouderlinge en die diakens.

Hy groet met ander woorde spesiaal ook twee groepe in die Kerk.

En dis'ie ouderlinge in'ie ouderling-amp

en'ie diakens in'ie diaken-amp.

oo0oo

*Oorgang*

So    naas die ouderlinge   in die ***ouderling-amp***

is daar in die Kerk ook diakens    in die ***diaken-amp***.

Dis'ie eerste ding wat ons moet leer

uit die ooreenkoms

wat Paulus    in ***1Tim 3:8***    maak tussen ouderlinge en diakens.

**2.** Die tweede is dat    net soos die ouderling-amp

**die diaken-amp nie deur mense uitgedink nie**.

*Toepassing*

So    die diaken-amp is nie 'n oulike liefdadigheid-plan plan

wat die Kerk uitgedink het    om armes te versorg nie.

Nee!    Net soos die ouderling-amp   is'ie diaken-amp

nie deur mense uitgedink nie.

oo0oo

7 Fil 1:1

By ***vers 1*** kon ons hierdie waarheid mooi raaksien
vir'ie ouderling-amp.

*Verduidelik*[8]
Want in ***vers 1*** noem Paulus die ouderling-amp
'n *voortreflike werk* of *goeie-werk*.
En ons kon toe leer dat 'n 'werk' net 'goed' is
as'it in die wil van God is.

So as die ouderling-amp 'n goeie-werk is
dan is die ouderling-amp ook in die wil van God.

So die ouderling-amp
is nie een of ander oorblyfsel
van die 1ste eeuse patriargale samelewing nie.
Dis ook'ie 'n tradisie wat dateer uit die dae
toe dopper-ooms met lang baarde die kitaar geslaan het nie.

Nee. Die ouderling-amp is die wil van God
vir die regering van sy Kerk.

oo0oo

En net so ook is'it met die diaken-amp.
Die diaken-amp is nie ons eie liefdadigheid-inisiatief nie.
Nee! Dis 'n instelling van God vir sy Kerk.
En hierdie waarheid sien ons duidelik vanuit ***Hand 6***.

*Opmerking*
Kom ons maak ons Bybels daar oop.

***Hand 6:1-7***
Nou in ***Hand 6*** is ons in'ie Kerk van Jerusalem.
Dis nie lank na die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster-dag nie.

8 Vgl 1Timoteus 3,1(b).pdf by http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php

Ons lees daarvan in Hand 2.

So  ons is in ***Hand 6*** nog aan die begin
van die HERE se NT-Kerk.

En dan gaan alles wonderlik goed.
Na Petrus se preek op Pinkster-dag
waarvan ons ook in Hand 2 lees
groei die Kerk wonderlik  deur Christus se werk  met sy Gees.

*Bewys*
In Hand 4:4 hoor ons
dat die manne alleen omtrent 5000 was.
So  daar was ten minste so 20 000 lidmate
as ons die vroue en die kinders by tel.[9]

En Hand 5:14 vertel
dat *"daar meer en meer gelowiges in die Here bygevoeg is,*
*menigtes van manne sowel as vroue."*

En by alles was daar rondom die Woord
'n wonderlike nuwe-lewe  van ware selfopofferende liefde.

*Bewys*
Ons sien'it bv in Hand 2:42  wat vertel
dat die gelowiges *"volhard het in die leer van die apostels*
*en in die gemeenskap*
*en in die breking van die brood en in die gebede."*

Hand 2:46 vertel
dat die gelowiges *"van huis tot huis brood gebreek het*
*en hulle voedsel met blydskap*

9 Vgl Macarthur se Hand komm bl 177

*en eenvoudigheid van hart geniet het."*

Hand 4:34 vertel
dat *"niemand onder hulle behoeftig was nie ..."*

En hoekom nie?
Wel omdat hulle mekaar so selfopofferend lief gehad het
dat hulle selfs bereid was
om hulle eiendomme te verkoop
om mekaar in nood by te staan.

oo0oo

Maar toe op hierdie hoogtepunt kom daar toe 'n krisis.

*Bewys*
Want kyk wat staan in ***Hand 6:1***:
*"En in dié dae toe die dissipels vermeerder het,*
*het daar 'n murmurering ontstaan*
*van die Grieksprekende Jode teen die Hebreërs,*
*omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging*
*oor die hoof gesien is."*

*Opmerking*
En oor die skrikwekkende erns van hierdie krisis
gaan ons net-nou meer leer.

Vir nou'sit belangrik dat hierdie krisis ons wys
dat daar twee lyne of twee soorte
van bediening in die Kerk van Jerusalem was.[10]

*Bewys*
Want kyk wat staan in ***Hand 6:2***:
*"En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep*

10 Vgl NIDNTT vol 3 bl 548; Knight se 1Tim komm bl 175

*en gesê: Dit is nie reg*
*dat ons* ***die woord van God nalaat***
*om* ***die tafels te bedien*** *nie."*

So  sien u die twee lyne van bediening?
Daar'sie bediening van die Woord deur die apostels.
En dan's daar die *bediening van die tafels*.

*Verduidelik*[11]
En wat's hierdie bediening van die tafels?
Wel  dit het alles te doen met die nuwe-lewe
wat daar in die Jerusalem-Kerk gekom het.

En waar kom hierdie nuwe-lewe vandaan?
Wel  dit kom deur die Woord van God.[12]

Die apostels het die Woord bedien.
Die Woord van Jesus  toe Jesus bv in Mark 10:45 gesê het
dat Hy *"nie gekom om gedien te word nie,*
*maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie."*

Die apostels het in hulle Woord bediening ook aangegaan
en oor Jesus se nuwe-gebod geleer
waarvan Jesus praat in Joh 13:34  as Hy sê:
*"'n Nuwe gebod gee Ek julle,*
*dat julle mekaar moet liefhê;*
*soos Ek julle liefgehad het (en toe gedien het),*
*(so) moet julle ook mekaar liefhê (en mekaar dan dien*[13]*)."*

Ja  die apostels het uit die Woord geleer en gesê:
*"Hieraan het ons die liefde leer ken,*

11 Vgl NIDNTT vol 2 bl 530, vol 3 bl 547; TDNT vol 2 bl 84-85, vol 8 bl 213
12 Jak 1:18; 1Pet 1:23; Joh 17:17; 1Tes 2:13
13 Joh 13:12-15

*dat (Jesus) sy lewe vir ons afgelê het;*
*en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê."*[14]

oo0oo

En toe? Wel die ware gelowige Kerk van Jerusalem
het toe deur'ie werk van die Heilige Gees gereageer.
Deur'ie Woord-bediening het daar nuwe-lewe gekom.

Ja anders as ons ou-sondige-lewe
van haat en selfgesentreerdheid en liefde net vir myself
het daar verlossing gekom en toe 'n nuwe-lewe
wat al meer selfopofferend wil lief hê en dien.

Daarom dat Hand 2 vertel
dat hulle *"van huis tot huis brood gebreek*
*en hulle voedsel met blydskap*
*en eenvoudigheid van hart geniet het."*

Daarom dat Hand 4 vertel
dat *"niemand onder hulle behoeftig was nie ..."*

oo0oo

Maar belangrik nou:
Hierdie selfopofferende liefdediens moes ordelik bestuur word.
Daar moes leiding gegee word.

En hierdie bestuur-en-leiding-gee in die praktiese uitlewing
van 'n nuwe-lewe van selfopofferend-lief-hê-en-dien
is daar in die Jerusalem-Kerk *die bediening van die tafels* genoem.
Soos vertel ***Hand 6:2*** ons.

oo0oo

So dis'ie twee lyne van bediening in die Jerusalem-Kerk
waarop ***Hand 6:2*** ons wys.

14 1Joh 3:16

Daar was die bediening van die Woord
en dan was daar *die bediening van die tafels*.

En hierdie *bediening van die tafels*
het gegaan oor bestuur en die leiding-gee.
Bestuur om rigting te gee
aan die praktiese uitlewing van liefdediens aan mekaar
waaroor gelowiges geleer het vanuit die Woord-bediening.

oo0oo

Maar nou't daar 'n krisis gekom
juis by hierdie bestuur-en-leiding-gee taak.

*Verduidelik*[15]
***Hand 6:2*** waar die apostels sê:
*"Dit is nie reg dat ons* ***die woord van God*** *nalaat*
*om* ***die tafels te bedien*** *nie"* wys
dat alles net te veel geword het vir die apostels.

Hulle kon nie die Woord bedien ***en*** ook die tafels bedien nie.
Hulle kon nie die Woord bedien
***en*** ook die liefdediens-bestuur-bediening behartig nie.
Dit was te veel.

So wat's toe die oplossing? Wel ***Hand 6:3*** vertel daarvan.
Kyk wat staan daar. Die apostels is aan die woord.
En dan sê hulle:
*"Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle,*
*van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid,*
*wat ons oor hierdie nodige* ***saak*** *kan aanstel."*
Die ***saak*** van die liefdediens-bestuur-bediening.[16]

---

15 Vgl Macarthur se Hand komm bl 179

16 της χρειας ταυτης (**Hand 6:3**) het die betekenis van 'hierdie nood'/ 'hierdie behoefte'. χρεια kan ook die betekenis hê van 'hierdie diens' (NIDNTT vol 3 bl 956, 958; Bock se Hand komm bl 260). Saam met die voorsetsel επι verstaan ek της χρειας ταυτης dan eerstens as 'hierdie nood'. Die voorsetsel-frase het die betekenis van 'oor hierdie nood' (vgl Greek grammer beyond basics bl 376; Grosheid se Hand komm vol 1 bl 197). 'Hierdie nood' verwys dan na die situasie wat ontstaan het (vgl Grosheide se Hand komm vol 1 bl 197).

*Verduidelik*

So sien u?

In'ie Jerusalem-Kerk is daar hierdie twee bedieningslyne.

Woord-bediening ***en*** die liefdediens-bestuur-bediening.

En dan kom daar uiteindelik ampsdraers sewe manne

wat die bestuur-en-leiding van die Kerk se praktiese uitlewing

van dien-in-liefde behartig.

*Openbaringshistories*[17]

En as Paulus dan so 30[18] jaar later vir Timoteus in ***1Tim 3*** skryf

oor'ie inrigting-en-die-regering van die Kerk

dan is daar in ***1Tim 3*** steeds die twee bedieningslyne.

Daar's die ouderlinge. Hulle bedien die Woord.

Daarom moet hulle ook bekwaam wees

om te onderrig sê ***1Tim 3:2***.

Maar dan's daar ook die diakens.

En ***vers 10*** sê

dat *"as hulle onberispelik is, hulle kan **dien**."*

*Verder-Verduidelik*[19]

En dan's hierdie ***dien*** van ***1Tim 3:10***

presies die selfde woord

as ***Hand 6:2*** se *bediening van die tafels*.

So die diakens van ***1Tim 3*** is besig met die selfde ampswerk

wat die 'Sewe' in Jerusalem gedoen het.

En dis'ie werk van diakens.

Hulle moet die praktiese liefdediens van die gemeente bestuur

17 Vgl Knight se 1Tim komm bl 175; Lange se 1Tim komm bl 41; Alford se 1Tim komm bl 326; Macarthur se 1Tim komm bl 126

18 Vgl Reformation study Bible bl 1749

19 Vgl Knight se 1Tim komm bl 170, 175; Macarthur se 1Tim komm bl 124; NIDNTT vol 3 bl 548.

sodat dit goed en effektief werk
en daar nie miskien party mense oorgeslaan word nie.

oo0oo

En nou is die vraag:
Het dit alles maar net so spontaan ontwikkel?
Was'it alles 'n soort evolusionisme in die Kerk?
Was'it een of ander praktiese reëling uit die mens vir die mens?

Wel nee.
In ***Hand 6:3*** is die ***apostels*** aan die woord.
Dis die ***apostels*** wat vir die Kerk sê:
*"Kyk dan uit ... na sewe manne uit julle,*
*van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid,*
*wat **ons** oor hierdie nodige saak **kan aanstel**."*

So die diaken-amp
soos ons daaroor lees in ***1Tim 3:8***
kom uiteindelik voort uit die die apostels se Woord.
En daarom kom die diaken-amp direk van Christus af.

*Bewys*[20]
Want Christus het eenmaal in Luk 10:16 vir sy apostels gesê:
*"Wie na julle luister, luister na **My**;*
*en wie julle verwerp, verwerp **My** ..."*
En in Joh 10:30 sê Christus: *"Ek en die Vader is een."*

So sien u waar kom die diaken-amp vandaan?
***Net so*** soos'ie ouderling-amp
kom'ie diaken-amp van God en van Christus af
en word dit deur die werking van die Heilige Gees
deur die apostels in die Kerk 'n werklikheid.

20 Vgl Reymond, A new systematic theology of the Christian faith bl 845

**3.** En weet u: Hierdie amp is so **baie belangrik**.

En dis ons derde punt.

Net soos'ie ouderling-amp **is die diaken-amp belangrik**.

Toe ons by ***vers 1*** was

kon ons die belangrikheid van die ouderling-amp raaksien.[21]

*Bewys*

Veral in daardie *“Dit is ‘n betroubare woord”*

waarmee Paulus ***vers 1*** begin.

oo0oo

Maar ***net so*** belangrik is die diaken-amp.

*Opmerking*

En ons sien hierdie belangrikheid weereens in ***Hand 6***.

So kom ons blaai weer na ***Hand 6*** toe.

***Terugblik op Hand 6***

En nou't ons al gesien

dat daar in ***Hand 6*** 'n krisis in die Jerusalem-Kerk is.

*Bewys*

Want ***Hand 6:1*** sê

dat *“daar ‘n murmurering ontstaan het*

*van die Griekssprekende Jode* ***teen*** *die Hebreërs,*

*omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging*

*oor die hoof gesien is.”*

En hierdie krisis wys

dat daar twee bedieningslyne in die Jerusalem-Kerk was.

Die een is die Woord-bediening.

---

21 Vgl 1Timoteus 3,1(a).pdf by http://www.gkdaspoort.co.za/sermons_docs.php

Die ander is die liefdediens-bestuur-bediening.
Of die bediening van die tafels.
Soos ***Hand 6:2*** dit noem.

En die krisis het gekom
omdat die apostels nie by altwee hierdie bedieninge kon uitkom nie.
Dit was te veel.
So leer ons uit ***Hand 6:2***.

***Hand 6:3*** vertel van die oplossing.
Dit was die aanstelling van sewe manne
wat hierdie liefdediens-bestuur-bediening moes behartig.

*Toepassing*
En presies hierdie werk
wat die Sewe in Jerusalem moes doen
het diakens en die diaken-amp vandag nog.
En dis 'n ontsettend belangrike werk.

oo0oo

***Die Krisis in die Jerusalem-Kerk***

En ons sien hierdie belangrikheid
as ons nou dieper ingaan op hierdie krisis.

*Verduidelik*
Want as ***Hand 6:1*** vertel van die krisis    en'it sê
dat “*daar ‘n murmurering ontstaan het*
*van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs,*
*omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging*
*oor die hoof gesien is”*
dan'sit beslis nie ietsie kleins    of oppervlakkig nie.
Nee    dis groot!!

oo0oo

Hoekom? Wel kom ons kyk mooi na ***vers 1***
want dan gaan ons agterkom.

Kyk ***Hand 6:1*** begin met:
*"En in dié dae toe die dissipels vermeerder het ..."*

*Verduidelik*[22]
En dis wonderlik! Wat ons hier hoor
vertel van mense wat tot bekering gekom het.
Dit praat van 'n kerk wat gegroei het.

Dit praat van nuwe lewe.
Dit praat van ware Bybelse eenheid in waarheid.
Dit praat van ware vrede.
Dit praat van die tyd toe die lidmate van die Jerusalem-Kerk
'n lewe van selfopofferende liefde en omgee vir mekaar geleef het.

Dit praat van 'n tyd toe arm weduwees
nie meer hartseer en alleen was nie
en genoeg gehad het in die Kerk.

oo0oo

En dis so wonderlik!
Dis so anders as die ou-sondige-wêreld.

In die ou-sondige-wêreld is daar nie waarheid nie.
Daar's nie liefde en vrede nie.
Daar's net self-gesentreerdheid en haat en leuens en onenigheid.
En by dit alles is mense alleen en hartseer
en is daar gebrek en armoede.

Maar in die Kerk van Jerusalem was'it anders.
Hier was Jesus deur sy Gees aan die werk.

---

22 Vgl Sondag 2-3

Daarom was daar verlossing en lewe en vreugde
en waarheid en liefde en vrede en mense
wat omgee met selfopofferende liefde.
Daarom was daar ook nie meer gebrek nie.

oo0oo

Maar kyk nou wat staan verder aan in ***Hand 6:1***.
Daar staan: *"En in dié dae toe die dissipels vermeerder het,*
*het daar **'n murmurering ontstaan***
*van die Grieksprekende Jode **teen die Hebreërs** ..."*

En dis verskriklik! Dis 'n geweldige krisis.
Want kyk wat gebeur.
Daar's murmurering[23] of 'n gemor of 'n gekla
*deur*[24] die Griekssperkende Jode.

En dan sê ***Hand 6:1***
dat hulle mor en kla ***teen*** die Hebreërs.

*Verduidelik*
Sien u dit? Ewe skielik is hier twee groepe in die Kerk.
En dis nie net
omdat hulle verskillende tale gepraat het nie.

Nee hierdie twee groepe staan nou teen mekaar.
In opposisie teen mekaar vyandig teenoor mekaar.[25]
Hulle het nie vrede met mekaar nie.

oo0oo

23 γογγυσμος het die betekenis van ''n gemor'/ ''n murmurering'/ ''n ontevredenheid'. Ek moet hier nie 'n konneksie soek met bv Israel se γογγυσμος in die woestyn nie. Dit gaan hier gewoon oor 'n ontevredenheid wat net nie meer ingehou kan word nie en dan oorgaan in 'n gemor (Baljon bl 188; TDNT vol 1 bl 736; Grosheide se Hand komm vol 1 bl 192).

24 των ελληνιστων – hierdie genitief sê vir my van wie af die ontevrede gemor gekom het. Dit is 'n subj gen omdat γογγυσμος verwant is aan die ww γογγύζω (Greek grammer beyons basics bl 113). ***Dus:*** 'n ontevrede gemor deur die Ἑλληνισταῖ.

25 προς τους εβραιους – Wat nou belangrik is om raak te sien, is dat die murmurering van die Grieksprekende Jode nie maar net 'n gemor hier by hulle self is nie. Nee, dis 'n murmurering ... *teenoor ...* die Hebreërs. Met ander woorde: Wat ons hier sien, is twee groepe in die gemeente. Twee groepe wat teenoor mekaar staan. Twee groepe wat mekaar opponeer – dit is wat die voorsetsel-frase προς τους εβραιους wys (Greek Grammer beyond basics, bl 380; Grosheide se Hand komm vol 1 bl 192).

Ewe skielik is'it
asof die Kerk weer die ou-sondige-wêreld geword het
met sy onenigheid en onvrede.
Ja die ware eenheid van die Kerk was daarmee heen.[26]

Dit terwyl Christus in Joh 10:16 gesê het:
*"en dit sal wees **een** kudde, **een** herder."*

En die apostels geleer het:[27]
*"Dit is **een** liggaam en **een** Gees,*
*soos julle ook geroep is in **een** hoop van julle roeping;*
***een** Here, **een** geloof **een** doop, **een** God en Vader van almal,*
*wat oor almal en deur almal en in julle almal is."*

oo0oo

Sien u die krisis? Dis geweldig.
Ware liefde ware vrede ware eenheid is hier besig
om verwoes te raak.
Die Kerk in Jerusalem is besig
om weer soos die ou-sondige-wêreld te word.

En dan word hierdie krisis net nog groter.

*Verduidelik*[28]
Want 'n Kerk waar lidmate nie vrede met mekaar het nie
waar lidmate nie in ware selfopofferende liefde
met mekaar saam leef nie
waar lidmate nie ware eenheid met mekaar beleef nie
is net totaal-en-al ongeloofwaardig in die wêreld.

*Opmerking*
En dit geld ook vir'ie Kerk in Daspoort.

---

26 Vgl Macarthur se Hand komm bl 178
27 Efes 4:4-6
28 Vgl Macarthur se Hand komm bl 178

Ja die wêreld glo nie 'n Kerk
waarin daar onenigheid en liefdeloosheid is
as so 'n Kerk die Evangelie verkondig nie.
Die Evangelie dat Jesus die Christus is
die Seun van die lewende God
wat in hierdie wêreld gekom het
om sondaars te verlos
sodat ons 'n nuwe-lewe kan leef tot eer van God.

'n Nuwe-lewe
waarin die slawerny van haat nie meer heers nie
maar Christus en 'n nuwe-lewe van ware liefde.

Ja die wêreld glo nie 'n Kerk
waarin daar nie selfopofferende liefde
en ware eenheid tussen lidmate is nie.
Want so 'n kerk weerspreek haarself.
Want sy verkondig een ding maar leef iets anders.

En dan word 'n Kerk se prediking van die Evangelie tevergeefs.

*Bewys*
Daarom dat Christus in Joh 17:21 bid
dat ons *"almal een mag wees ...*
*sodat die wêreld* ***kan glo*** *dat U My gestuur het."*

oo0oo

En nou was juis dit hier in ***Hand 6***
die krisis in die Jerusalem-Kerk.
Die Kerk het soos die wêreld begin word.

*Bewys*
Want daar was nie ware liefde nie.
Daar was nie ware eenheid nie.

Daar was nie ware vrede nie.
Want dis hoe dit in'ie wêreld gaan.

En wat was die oorsaak van alles?
Wel in ***Hand 6*** het hierdie hartseer situasie gekom
as gevolg van die liefdediens-bestuur-bediening
wat nie reg gewerk het nie.

Ons kan sê:[29] Dit was as gevolg van die diaken-diens
wat nie reg gewerk nie.
Dis wat ***Hand 6:2*** leer.

oo0oo

En toe? Wel ***Hand 6:1*** sê
dat *“daar ‘n murmurering ontstaan het
van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs,
omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging
oor die hoof gesien is.”*

*Verduidelik*[30]
En so het die Kerk in Jerusalem soos'ie wêreld begin word
sonder ware liefde sonder ware eenheid sonder ware vrede
sonder geloofwaardigheid.

En by dit alles beleef arme weduwees
nie meer die seën van die nuwe-lewe in die Kerk nie.

Nee in die Kerk was hulle maar weer terug in die wêreld
met sy oorvloed van gebrek en hartseer en swaarkry.

Is hierdie krisis nie verskriklik nie!

oo0oo

29 Alhoewel die 'Sewe' in Hand 6 nog nie diakens genoem word nie, word die diaken-amp in hulle werk vervat (Knight se 1Tim komm bl 175; Lange se 1Tim komm bl 41; Alford se 1Tim komm bl 326; Macarthur se 1Tim komm bl 126)
30 Vgl Spoelstra, Gereformeerde kerkreg art 25 no 1.

En in die Kerk in Jerusalem het dit alles gebeur
omdat die liefdediens-bestuur-bediening of die diaken-diens
nie reg gewerk het nie.

So sien u hoe belangrik is die diaken-amp?
Dis ontsettend belangrik.

*Saamvat*
Want die diakens se werk
is om die liefdediens van gelowiges so te bestuur en so te lei
dat almal in die Kerk saam-werk daaraan
**I** dat ware liefde en eenheid beleef word

**II** dat armes en weduwees
nie meer die hartseer en die alleenheid en gebrek beleef nie.

**III** sodat die Kerk geloofwaardig kan wees in die wêreld.

oo0oo

Sien u? Net soos die ouderling-amp
is die diaken-amp baie baie belangrik.

*Toepassing*
En net hier moet hierdie Woord van God
hierdie lering oor'ie diaken-amp en die belangrikheid daarvan
baie ernstig met ons praat.
Dit moet ons laat selfondersoek doen.

Dit moet vir my en u laat vra:
Hoe verstaan ons die diaken-amp?
Verstaan ons dit reg?
Is ons verstaan van die diaken-amp
soos ons nou daaroor vanuit ***Hand 6*** geleer het?

En broeders-diakens    ook ons moet selfondersoek doen.

Ons moet onsself afvra:
'Hei    is ons enigsins daarmee besig
om leiding te gee in die Daspoort-Kerk
sodat ons almal kan saamwerk daaraan
**I** om ware liefde en eenheid te beleef
omdat ons mekaar dien
onder die diakens se goeie   liefdevolle   leiding?

**II** Is ons as diakens besig
om leiding te gee aan die res van die Kerk
sodat ons armes en weduwees met selfopofferende liefde kan dien
sodat hulle nie meer die hartseer    en die alleenheid   en die gebrek
van hierdie sondige-wêreld hoef te beleef nie?

**III** En is ons as diakens besig
om so leiding te gee in die liefdediens van die Kerk
sodat die Kerk geloofwaardig kan wees in die wêreld
omdat ons   onder leiding van die diakens   al meer en meer leef
soos die Woord-bediening van die ouderlinge leer?

oo0oo

En ons   geliefdes?
Sal ons hierdie leiding van die diakens aanvaar?
Sal ons na die diakens toe gaan    en sê:
'Hier's ek.    Ek het daaroor gebid.    Ek wil graag.
Die HERE het dit in my opgewek.
Waar kan ek help?

*Voorbeelde*
**I** Ek en my gesin is bereid
om van ons ouer broeders en susters wat eensaam is te besoek
sodat hulle ook die seën    van 'n huisgesin kan hê.

**II** Of ek is bereid broeders-en-susters
in die hospitaal te gaan besoek.

**III** Of bel my as'it nodig is.
Ek kan saam met ons ouer broeders en susters
wat nie 'n mediesefonds het nie
by Kalafong in die lang rye gaan sit
sodat hulle nie so alleen hoef te wees nie.

**IV** Of ek sal saam met hulle gaan na die pensioen-kantoor
daar in die midde-stad
waar alles net so geweldig ingewikkeld is.

**V** Of ek en my dogters sal help met kos maak
as hier iemand in die gemeente is wat siek is
of een of ander nood beleef.

**VI** Of ek is bereid om die diakens te help
om 'n gemeente-ete te reël.

Want dis alles dinge wat die diakens moet doen.
Maar hulle kan nie alleen nie.

En dit was ook nooit ons Here se bedoeling nie.
Nee! Jesus het ons verlos
sodat ons hier in 'n wêreld vol haat
weer kinders van God kan word die gesin van God kan word
waarin ons mekaar se broeders en susters is.

*Opmerking*
So het ons mos geleer toe ons by ***1Tim 3:5*** was.

En dan verlos Christus ons
sodat ons as kinders van God
en broeders en susters van mekaar
mekaar kan dien in selfopofferende liefde.

En dan gee Christus deur sy apostels die diaken-amp
om ons liefdediens ordelik te reël
sodat alles goed en effektief werk.

oo0oo

So geliefdes waar staan ons?
Sal ons so na die diakens toe gaan en sê:
'Hier's ons Ons sal help.'

Of is my onbetrokkenheid
dalk 'n teken van self-gesentreerdheid en liefdeloosheid
dalk 'n teken dat ek nog 'n slaaf van Satan en die sonde is
en dat ek nog nie deur Jesus verlos is
om saam met die diakens
'n bevryde dienaar van God en my naaste te wees nie.

Hê geliefdes? Waar staan ons?

oo0oo

**Slot**

Kom ons sluit af.
Ons kon vandag begin by ***1Tim 3:8***
waar Paulus ons wys
dat daar 'n ooreenkoms is
tussen die ouderling-amp en die diaken-amp.

En vanuit hierdie ooreenkoms
kon ons meer begin leer oor die diaken-amp.

Ons kon leer dat:

- Net soos die ouderlinge
  die diakens ook in 'n amp staan.

  So daar's twee ampte in ons Here se Kerk.
  Die ouderling-amp en die diaken-amp.

- En net soos die ouderling-amp
  is'ie diaken-amp nie iets
  wat mense uitgedink het nie.

  Ja die diaken-amp is nie mense se liefdadigheid-inisiatief nie.
  Nee vanuit ***Hand 6:1-3*** kon ons leer:
  Die diaken-amp kom van God af.
  Christus het dit deur sy apostels in sy kerk gegee.

- En by dit alles is die diaken-amp
  net soos die ouderling-amp baie belangrik.
  En *dit juis* omdat diakens so 'n baie belangrike werk moet doen.

*Verduidelik*
En oor hierdie werk en die belangrikheid daarvan
kon ons meer leer veral vanuit ***Hand 6:1-3***.
En die krisis in die Jerusalem-kerk.
**I** En hierdie werk van die diakens hou in
dat hulle leiding moet gee
sodat ons almal kan saamwerk
om ware liefde en eenheid te beleef.

**II** En die diakens se werk hou in
dat hulle leiding moet gee aan die res van die Kerk
sodat ons armes en weduwees met selfopofferende liefde kan dien
sodat hulle nie meer die hartseer en die alleenheid en die gebrek

van hierdie sondige-wêreld hoef te beleef nie.

**III** *En* die diakens se werk hou in
dat hulle leiding moet gee in die liefdediens van die Kerk
sodat die Kerk geloofwaardig kan wees in die wêreld
omdat die diakens ons prakties lei
om al meer-en-meer dit
wat die ouderlinge ons oor God en oor Christus leer
prakties uit te leef in die Kerk en in die wêreld.

oo0oo

En wet u: Juis daarom omdat diakens so 'n belangrike werk het
moet hulle ook net soos die ouderlinge merktekens hê
waaraan ons hulle kan uitken en kies.[31]

Dis die merktekens
waarvan Paulus in ***1Tim 3:8-10*** praat as hy sê:
*"Net so moet die diakens waardig wees,*
*nie uit twee monde spreek nie,*
*nie verslaaf aan wyn nie, geen vuilgewinsoekers nie,*
*manne wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou.*
*En hulle moet ook eers 'n proeftyd deurmaak;*
*daarna, as hulle onberispelik is, kan hulle dien."*

Nou by 'n volgende keer leer ons meer hieroor.

## Antwoorddiens

### Amen

***Psalm as antwoord op die Woord* –** Ps 18: 12

31 Vgl Bouma se 1Tim komm bl 70; Macarthur se 1Tim komm bl 125-126; Calvyn se Hand komm bl 235; Macarthur se Hand komm bl 182

***Gebed***

***Barmhartigheidsdiens***

Psalm tydens kollekte : Ps 34: 1, 4, 5

Slotpsalm : Ps 72: 1, 2, 4

**Wegstuurseën.**

Ontvang nou die seën van die HERE en gaan in vrede.

**“Die genade van die Here Jesus Christus**
**en die liefde van God**
**en die gemeenskap van die Heilige Gees**
**sy met julle almal!**
**Amen.**